# DIE OPKOMS EN AGTERUITGANG VAN DIE HUGENOTE IN FRANKRYK

Prof P de Klerk
Dept Geskiedenis
PU vir CHO (Vaaldriehoekkampus)

Die Franse Hugenote wat driehonderd jaar gelede na Suid-Afrika gekom het, was vlugtelinge wat met die herroeping in 1685 van die Edik van Nantes die reg om hul Protestantse godsdiens te beoefen, ontneem is. Die herroeping van die edik het 'n einde gemaak aan 'n lang periode van meer as honderd en vyftig jaar waarin die Hugenote 'n belangrike rol in die Franse geskiedenis gespeel het. In hierdie tyd, toe godsdiens en politiek nou verweef was, was die Hugenote nie net 'n goedsdiensgroep nie, maar 'n groep in die samelewing wat ook op politieke gebied besondere invloed gehad het. In hierdie artikel word 'n kort oorsig van die Hugenote se rol in die geskiedenis van Frankryk gegee. Die geskiedenis van die Hugenote in hierdie anderhalwe eeu (van ± 1535 tot 1685) kan verdeel word in 'n vroeë fase, tot ± 1560 toe die Protestantisme in Frankryk versprei het en die Hugenote as groep ontstaan het, die middelfase van ± 1560 tot 1630, 'n tydperk van groot politieke woelinge waarin die Hugenote 'n belangrike rol gespeel en 'n besondere magsgroep in Frankryk was, en dan die laaste fase, ± 1630 tot 1685, wat 'n tydperk van agteruitgang vir die Hugenote was, tot hul as groep byna van die toneel verdwyn het.

## 1. FASE VAN ONTSTAAN EN VROEË VERVOLGING

In Frankryk was daar reeds aan die begin van die sestiende eeu onder die invloed van die Renaissance, geleerdes en kerkleiers wat hul vir die hervorming van die Rooms-Katolieke Kerk beywer het. Kritiek op die kerkpraktyk het vryelik voorgekom, en is aanvanklik deur die koning, Frans I, wat die Renaissance goedgesind was, gesteun. Toe daar, nadat Luther sy hervormingsbeweging in Duitsland begin het, groepies mense hul van die kerk afgeskei en hul eie gemeentes begin vorm het, het die koning teen hul begin optree. Hy wou nie sien dat die eenheid van die kerk en daarmee die mag wat die Franse konings oor die Rooms-Katolieke Kerk in Frankryk gehad het, in gevaar kom nie. Teoloë wat hul vir kerkhervorming beywer het, moes uit die land vlug, veral na Switserland. Onder hulle was Jean Cauvin of Johannes Calvyn, wat die vernaamste leier van die Franse hervorming geword het, en wat vanuit Genève, net buite die grense van Frankryk, groot invloed uitgeoefen het, veral deur predikante op te lei wat in Frankryk volgelinge gewerf en gemeentes gestig het. Ten spyte van vervolginge het al meer mense die Rooms-Katolieke Kerk verlaat as gevolg van die toestande in die kerk waar misbruike van allerlei aard voorgekom het, en ook in die hoop om hul lewensomstandighede te verbeter. Die Franse Protestante het mettertyd bekend geword as Hugenote, 'n naam wat waarskynlik afgelei is van die Duitse Eidgenossen (eedgenote), soos wat die Switsers in Duitsland genoem is.

Die Hugenote-vervolginge het in die tyd van koning Hendrik II 1547-59) toegeneem, en heelwat Hugenote het uit die land gevlug. Sommiges het na die ooskus van die Amerikaanse vasteland uitgewyk, waar hulle enkele kolonies gestig het, naamlik aan die kus van Brasilië, en van (die latere) Florida en Noord-Carolina. Die kolonies het kortstondig bestaan, en die Franse Hugenote van Florida, wat deur die Spanjaarde verdryf is, moes selfs hul toevlug tot 'n seerowersbestaan neem.

## 2. FASE VAN GROEI EN POLITIEKE MAG

Teen 1560 het die Franse Protestante, ten spyte van die vervolginge, waarskynlik reeds sowat 15% van die bevolking uitgemaak. Hulle was in alle lae van die samelewing verteenwoordig—in die boere-bevolking, die stedelinge en ook onder die adel. Enkele belangrike adellike families, en self verwante van die vorstehuis, het die Protestantisme aanvaar. Die vernaamste Hugenote-adellikes was die Bourbonfamilie, 'n sytak van die Franse koningshuis, en Gaspard de Coligny en sy broers, wat groot besittinge in die suide van Frankryk gehad het.

Hoewel die Franse konings in die loop van die Middeleeue daarin geslaag het om hul mag ten koste van die adel uit te bou, het die adel tog nog heelwat invloed gehad, en het hul steeds daarna gestreef om hul mag verder te vergroot. Wanneer daar 'n swakker vors aan bewind was, sou dit hul veral geleentheid bied om hul eie mag te probeer versterk. So 'n geleentheid het gekom met die dood van koning Hendrik II en die opvolging van sy jong seun Frans II. Die Guisefamilie, wat verwant was aan die nuwe koning se vrou, het veral daarin geslaag om groot invloed op die landsregering te verkry. Hulle was sterk Katoliek gesind en het die Hugenote verder vervolg. Ander adellike families het teen die Guises begin saamspan, en die hertog van Condé, 'n lid van die Protestantse Bourbonfamilie, het selfs gepoog om die koning te ontvoer. Sy plan het misluk, maar kort daarna, in 1560, is die koning oorlede. Sy broer en opvolger, Karel IX, was nog minderjarig, en sy moeder Catharina de Medici, wat nou as regentes opgetree het, het dadelik gepoog om die koning se mag weer teenoor die adel te versterk. Sy het besef dat die stryd wat tussen Katolieke en Protestantse adellike families uitgebreek het, die eenheid van die land en die mag van die koning verswak het, en sy het daarom gepoog om Katolieke en Protestante met mekaar te versoen, maar haar pogings was tevergeefs. Catharina was ook in stryd gewikkel met koning Filips II van Spanje, 'n streng Katoliek, wat om godsdienstige en politieke redes die Katolieke groep onder die adel gesteun het, en dit het Catharina genoop om derhalwe die steun van die Protestantse adel te verkry. Sy het 'n edik uitgevaardig wat al die Hugenote—vir die eerste keer—die reg verleen het om hul godsdiens op die platteland en in die voorstede te beoefen (maar nie in stedelike sentra nie, wat dan sou dit direk onder die oë van die Katolieke geskied en tot onrus en geweld kon lei). Die Hugenoteleier Gaspard de Coligny het een van haar vernaamste raadgewers geword.

Die Hugenote se posisie het dus nou aansienlik verbeter, maar godsdiensfanatisme onder Katolieke sowel as Protestante, en politieke ambisies van die Protestantse en Katolieke edeliede, het meegebring dat 'n lang reeks burgeroorloë uitgebreek het, wat van 1562 tot 1598 geduur het. Eers daarna is die politieke en godsdienstige regte wat die Hugenote in 1560 verkry het, bevestig. Die politieke woelinge van hierdie jare word net baie kortliks bespreek. Die eerste van die reeks burgeroorloë het in 1562 uitgebreek, toe die hertog van Guise 'n groep Hugenote wat in Vassy, een van die stede onder sy beheer, in stryd met Catharina se edik, 'n kerkdiens gehou het, uiteengejaag het, waarby 'n aantal mense gedood is. Koningin Catharina het na 'n jaar daarin geslaag om die stryd te beëindig en toe die regte van die Hugenote weer ingekort. Sy het besef dat die Katolieke tog die groot meerderheid van die bevolking uitgemaak het en dat sy hul steun nie kon ontbeer nie.

Na verdere botsinge het sy in 1570 weer die Hugenote se regte uitgebrei en daarna het Hugenoteleiers weer heelwat mag aan die koninklike hof verwerf. Die Coligny het groot invloed op die jong koning, wat nou meederjarig geword het, verkry, sodat Catharina gevrees het dat haar eie posisie in gevaar sou kom. Die Hugenote het hul politieke mag beseël deur 'n huwelik te reël tussen die jong Hugenoteleier Hendrik van Bourbon, koning van Navarre, en Margaretha van Valois, suster van die koning. Talle Hugenote het vir die bruilof in Augustus 1572 na Parys gekom. Catharina het hierin 'n geleentheid gesien om die Hugenoteleiers uit die weg te ruim en die "Protestantse probleem" vir eens en vir altyd te beëindig, en in die geheim met die Guisefamilie saamgesweer om die Hugenoteleiers te laat vermoor of te laat gevange neem. In die nag van 24 Augustus het die Guises en hul handlangers op die Hugenote in Parys toegesak, en De Coligny en 'n aantal ander leiers is om die lewe gebring. Toe die nuus van die "bloedbruilof" oor Frankryk versprei, het Katolieke oral in die land begin om Hugenote aan te val, en talle is gedood. Burgeroorlog het weer uitgebreek. Die Hugenote het nou heelwat sukses behaal, en in Suid-Frankryk, waar hulle veral sterk was, daarna gestreef om 'n Protestantse republiek in te stel. Die eenheid van die land is ernstig bedreig. Koning Hendrik III, wat koning Karel IX in 1574 opgevolg het, het weer 'n vrede bewerkstellig, waarby die Hugenote feitlik algehele godsdiensvryheid verkry het.

Hiermee was die stryd nie verby nie. Die koning van Spanje, wat geskok was oor die gunstige voorwaardes wat die Hugenote verkry het, het die Guises en ander edelliede tot verdere styd aangespoor, en in 'n nuwe vredesooreenkoms (1577) is die Hugenote se regte weer ingekort. Die Hugenoteleier Hendrik van Bourbon het as naaste manlike bloedverwant erfgenaam van koning Hendrik III geword, en die moontlikheid van 'n Protestantse koning het Filips van Spanje (wat self aanspraak gemaak het op die Franse troon) en Katolieke leiers tot nuwe verset aangespoor. Selfs gematigde Katolieke, wat nie teen godsdiensvryheid vir Hugenote gekant was nie, was ernstig verontrus oor die vooruitsig van 'n Protestantse regeerder. Die laaste fase van die godsdiensoorlog, genoem die Drie-Hendrikke-oorlog (na die drie leiers koning Hendrik III, Hendrik van Bourbon en Hendrik van Guise), het in 1585 uitgebreek en geduur tot 1598. Koning Hendrik III is intussen, in 1598, oorlede, en Hendrik van Bourbon was nou regtens koning van Frankryk, maar die meeste Katolieke, waaronder die inwoners van die hoofstad, Parys, wou hom nie as koning erken nie. Hendrik, wat om politieke redes eerder as uit oortuiging 'n Protestant was, het na die Katolisisme oorgegaan (met die opmerking "Parys is 'n mis werd") en nou die steun van die meeste Katolieke verkry. Hy het die Spaanse koning verslaan en daarna 'n ooreenkoms met die magtige Hugenoteleiers, wat aanvanklik nie vir Hendrik noudat hy Katoliek geword het, as koning wou erken nie, aangegaan. Dit is beliggaam in die Edik van Nantes, wat in 1598 uitgevaardig is.

Hierin is onder meer bepaal dat die Hugenote oral gewetensvryheid sou geniet en dat hul openbare kerkdienste kon hou in 'n groot aantal stede en dorpe. Hul sou hul eie sinodes kon belê, hul eie skole en drukperse hê en gelyk voor die wet wees met Katolieke. Ook sou hulle openbare ampte kon beklee. Om hulle regte te waarborg, het hul bowendien beheer verkry oor sowat 200 versterkte stede. Veral hierdie laaste bepaling het aan die Hugenote groot mag besorg en van hul feitlik 'n staat binne 'n staat gemaak. Hoewel die Hugenote na die oorloë in getalle afgeneem het, tot ± 10% van die bevolking, is hul posisie as politieke magsgroep met die Edik van Nantes verder versterk. Deurdat die plekke waar hul hul godsdiens kon beoefen nou vasgestel is, is verdere uitbreiding van die Protestantisme egter gestuit.

In die tyd van koning Hendrik IV het goeie verhoudinge tussen die Hugenote en die koning geheers en het Protestantse edelliede, waaronder die hertog van Sully, die

koning gehelp om die land na die verwoestende oorloë weer op te bou. Koning Hendrik het ook gepoog om Katolieke en Protestante met mekaar te versoen, maar die deurwerking van die Teenhervorming in die Roomse Kerk het verhoed dat die Katolieke bereid was om toegewings aan die Protestante te doen, en die godsdiensverskille het eerder verskerp. Na die dood van Hendrik IV, toe die minderjarige Lodewyk XIII aan bewind gekom het met sy moeder, Maria de Medici, as regentes, het die adel 'n kans gesien om hul mag weer uit te bou. Ook die Hugenote het hul mag verder probeer uitbrei, maar was nou self onder mekaar verdeeld. Sommiges het lojaal aan die kroon gebly, maar ander, onder leiding van edelliede soos Henri de Rohan, was daarop uit om feitlik 'n onafhanklike staat in die suide van Frankryk te probeer vestig. Dit het gelei tot verdere botsings met die koning. In 1622 is 'n vrede gesluit waarby die Hugenote 80 van hul versterkte stede moes afstaan. In 1625 het 'n groep Hugenote weer teen die koning in opstand gekom, juis toe hy in 'n stryd met Spanje en Oostenryk gewikkel was, en die koning se vernaamste minister, kardinaal de Richelieu, was verplig om in 1626 met die Hugenote vrede te sluit waarvolgens hulle sekere regte herwin het. Daarna het 'n oorlog tussen Engeland en Frankryk uitgebreek en het die Engelse die Hugenote tot 'n nuwe opstand aangespoor. Richelieu het die Hugenote se vernaamste vestingstad, La Rochelle, beleër, en die Engelse vloot kon nie daarin slaag om die stad te ontset nie. Die Hugenote is tot oorgawe gedwing en moes by die Vrede van Alais (1629) afstand doen van hul besondere politieke regte, waaronder hulle versterkte stede en hul spesiale howe, hoewel hul hul burgerlike en godsdienstige regte behou het. Hiermee is die politieke mag van die Hugenote gebreek, en, al het hul nog godsdiensvryheid gehad, het dit die Rooms-Katolieke Kerk en veral die Jusuïete-orde die geleentheid gegee om Hugenote te probeer terugwen vir die Katolisisme. Die Hugenote het as godsdiensgroep al verder gekwyn.

## 3. FASE VAN AGTERUITGANG

In die sewentiende eeu het die invloed van die Teenhervorming in die Roomse Kerk in Frankryk deurgewerk, en het die Jesuïete en ander geestelike ordes en ook die Katolieke teologie 'n opbloei beleef. Rooms-Katolieke geestelike leiers het aktief gepoog om mense wat in die era van die Hervorming en die godsdiensoorloë vir die kerk verlore gegaan het vir die Katolisisme terug te wen. Baie Hugenote het nou weer tot die Katolisisme oorgegaan. Veral onder die adel het die Protestantisme byna verdwyn. Die mag van die koning is in die tyd van Lodewyk XIII deur die optrede van sy bekwame minister Richelieu stewig gevestig, en edelliede wat nog 'n politieke rol wou speel, sou dit die beste kon doen in diens van die koning. Om Protestant te wees, sou 'n belemmering vir die bekleding van koninklike ampte wees. In die eerste helfte van die sewentiende eeu het die aantal Hugenote steeds verder gedaal, en teen 1650 het hul waarskynlik nog net 5% van die bevolking uitgemaak.

Die meeste Hugenote—sowat 70%—het in hierdie jare in die suidelike en westelike dele van Frankryk gewoon. Baie van hulle was handelaars en bekleërs van professies soos dié van advokaat of geneesheer, en onder hierdie stedelike elite het die Hugenote nog 'n belangrike rol gespeel. Sowat 60% van die Hugenote was waarskynlik lede van die eenvoudige, halfgeletterde boere- en arbeidersbevolking.

In die jare tot 1660 was die verhouding tussen Katolieke en Protestante in Frankryk oor die algemeen goed, al was daar soms voorvalle van godsdienstige botsings. Die Hugenote was nou 'n klein minderheidsgroep wie se leefwyse, veral wat die boere en arbeiders betref, heelwat van dié van die Katolieke verskil het. Hulle is deur eenvoudige Katolieke al meer met agterdog bejeën. Katolieke geesteliкes het die antagonisme teen die Hugenote onder die gewone bevolking verder aangewakker. Die Hugenote was egter lojale onderdane van die kroon, wat (veral noudat daar byna geen edelliede meer onder hulle was nie), hulle geensins teen die toenemende koninklike absolutisme verset het nie. Koning Lodewyk XIII en sy opvolger Lodewyk XIV het die godsdiensvryheid van die Hugenote gerespekteer en het nie daaraan gedink om die Hugenote se regte verder in te kort nie.

Die verdraagsame houding van die koning teenoor die Hugenote het vanaf 1666 begin verander. Koning Lodewyk XIV wou godsdienseenheid in sy land hê. Dit alleen, het hy geglo, kon nasionale eenheid verseker. Hy het die pogings van die Rooms-Katolieke geestelikes om die Hugenote vir die Katolisisme terug te wen, bevorder, onder meer deur die bepalings van die Edik van Nantes in te kort. Die Hugenote is van staatsgeld ontneem om hul predikante te betaal, Protestantse kerkgeboue is afgebreek en predikante is verbied om in sekere stede te preek. Ook is belastings vir die Hugenote verhoog. In 1670 is onderwys deur Protestante verbied. In geregshowe is teen Hugenote gediskrimineer. Pogings deur Hugenote om deur middel van petisies aan die koning hul lot verlig te kry, het op dowe ore geval. Vanaf 1681 is soldate by Hugenote ingekwartier. Die vrees vir die soldate was so groot dat baie Protestantse gemeenskappe tot die Katolisisme oorgegaan het. Tog het die meeste Protestante in hul godsdiens volhard. Uiteindelik, in Oktober 1685, het Lodewyk XIV die Edik van Fontainebleau uitgevaardig, waarvolgens die Edik van Nantes herroep is. Die Hugenote was nou weer in die posisie van voor 1560, toe hulle geen godsdiensvryheid geniet het nie en vervolg is. Reeds voor die herroeping van die Edik van Nantes het Hugenote die land probeer verlaat. Emigrasie is na 1685 verbied, maar baie het tog nog daarin geslaag om te vlug. Ongeveer 200 000—20% van die totale Hugenotebevolking en 1% van die totale bevolking van die land—het waarskynlik in hierdie tyd die land verlaat. Onder hulle was baie lede van die stedelike elite, en die landsekonomie is hierdeur benadeel. Die Protestantisme in Frankryk is ook in 1685 nog nie finaal uitgeroei nie. Baie Protestante het in die privaatheid van hul huis hulle godsdiens bly beoefen en dit aan hulle kinders oorgedra. In die 18de eeu het die posisie vir hulle enigsins verbeter, en na die Franse Revolusie het hulle weer godsdiensvryheid geniet. In die negentiende eeu was hul nog maar 'n baie klein deel van die hele bevolking, en aangesien die kerk en die godsdiens nie meer so 'n belangrike rol in die land gespeel het as in die sewentiende eeu nie, geen besondere groep meer nie.

Van die 200 000 Hugenote wat Frankryk verlaat het, het die meeste na Engeland, Ierland, Nederland, Switserland, Duitsland (veral Brandenburg) en ook na die Engelse kolonies in Amerika uitgewyk en daar oral 'n belangrike bydrae tot die samelewing en die kultuur gemaak. Hoewel slegs 'n baie klein groepie (sowat een duisendste) van al die vlugtelinge na Suid-Afrika geëmigreer het, was Suid-Afrika een van die lande waar die Franse Hugenote se invloed die grootste was. Hulle het dadelik 'n belangrike element in die klein blanke bevolking aan die Kaap gevorm en 'n vername deel gehad in die totstandkoming van die Afrikanervolk, wat 'n dominerende rol in die verdere geskiedenis van hierdie land sou speel.

### LITERATUUR


Boucher, M. 1981. *French speakers at the Cape in the first hundred years of Dutch East India rule: the European background.* Pretoria, Unisa.

Coertzen, P. 1976. *Die Franse Hugenote in Suid-Afrika; 'n kerkhistoriese studie.* Stellenbosch (ongepubliseerde proefskrif).

Cowie, L.W. 1977. *Sixteenth century Europe.* Edinburgh, Oliver & Boyd.

De Klerk, P.e.a. 1977. *Die opkoms van Europa.* Durban, Butterworth.

Green, V.H.H. 1964. *Renaissance and Reformation.* Londen, Arnold.

Van Wyk, T. en Van Zyl, M.C. (reds.) 1985. *Europe, 1555-1848.* Pretoria, Academica.